



Verwysing: 20210721-4508

Lêerno.: 12/2/8/17/1/2

Navrae: K Lackay

Inrigtingshulpbronondersteuningminuut: 0006/2021

Aan: Hoofdirekteure: Distrikte, Distriksdirekteure, Hoof: Bestuur en Beheer (distrikskantore), Kringbestuurders, Prinsipale en Voorsitters van beheerliggame van gewone openbare skole

Onderwerp: Aansoeke om nuwe leerdervoerdienste vir 2022 (nuwe dienste en addisionele leerders)

1. Skole word versoek om vanaf die derde kwartaal van 2021 uitsluitlik op leerdervoerskema (LVS)-aansoeke vir die 2022-skooljaar te fokus. Die verwerking van LVS-aansoeke vir die 2021-skooljaar wat steeds op hande is, word tans gefinaliseer en skole word versoek om nie enige nuwe LVS-aansoeke vir 2021 in te dien nie.
2. Aansoeke vir die instelling van **nuwe roetes** en die insluiting van **addisionele leerders** op bestaande roetes in Januarie 2022, moet teen **11 Augustus 2021** by die betrokke kringbestuurder ingedien word.
3. Daar word van kringbestuurders verwag om te verifieer/bepaal of leerders in skole of koshuise wat naby hulle is, geplaas kan word, en om Afdeling B van die aansoekvorm in te vul voor die insluiting van hierdie leerders by 'n vervoerskema oorweeg kan word.
4. Betrokke distriksamptenare sal die aansoeke verwerk, soos benodig, en die afgetekende aansoeke met roetekaarte teen **10 September 2021** by die Direktoraat: Inrigtingshulpbronondersteuning indien vir die aandag van mnr. Keith Lackay, Adjunkdirekteur: LVS.
5. Let asseblief daarop dat aansoeke vir graad R-leerders wat tans vir vervoer in 2021 goedgekeur is, nie ingedien hoef te word nie; hierdie leerders sal ingesluit bly op die toepaslike roetes as hoofstroomleerders in die 2022-skooljaar.

6. Die amptelike LVS-aansoekvorm moet vir bogenoemde doel gebruik word. Maak asseblief seker dat alle afdelings van die aansoekvorm ingevul is. Die amptelike LVS-aansoekvorm is as Bylae A aangeheg.
7. Dit is baie belangrik dat aansoeke vir nuwe roetes en addisionele leerders vroegtydig ontvang word sodat die dienste verkry en op die eerste skooldag van 2022 beskikbaar gestel kan word. Aansoeke wat ná die bogenoemde sperdatum ingedien word, loop gevaar dat dit nie vir die eerste dag van die 2022-skooljaar goedgekeur sal word nie.
8. Bring asseblief die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle toepaslike amptenare.

GETEKEN: MS ABRAHAMS

ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: ONDERWYSBEPLANNING

DATUM: 2021-07-29